

RIVER REEDS: BESTUURSKAMP



Die Bestuurskamp het plaasgevind vanaf 1 tot 3 September 2017 by River Reeds buite Kirkwood.

Die naweek van 1-3 September was dit weer tyd vir ons jaarlikse bestuurskamp. Van die lede is Vrydagoggend reeds vroeg deur na River Reeds Lapa by Kirkwood. Die res van die lede het so deur die loop van die middag aangesluit. Sandra Fourie het Vrydagaand boekevat gedoen; waarna ons heerlijk gebraai het. Dit was 'n koel aand; maar niks wat 'n ou soetwytjie nie kan regmaak nie. Saterdagoggend was ons lekker rustig. Ons het lekker ontbyt gemaak en die manne het visgevang. Die res van die bestuurslede het by ons aangesluit en om twee uur het die vergadering begin. Dis altyd groot werk om die jaar se beplanning te doen; maar met die Here se hulp en lyding help dit ons om die regte besluite vir die lede te maak. Sulke harde dinkwerk maak mens mos honger. Oom Tjaart het heerlike platters en koek gebring om daai honger te stil. Na afloop van die vergadering het oom Tjaart Tersia le Roux se vrou van die jaar trofee aan haar oorhandig. Saterdagoggend het Ischke & Stefani Lambrechts boekevat gedoen. Ons het heerlijk saam steak gebraai en die tafels het behoorlik gekreun onder die slaaie, souse en broodjies. Natasja van Tonder het so tussendeur die gedruis haar skoolkinders se langvrae gesit en merk. Ons almal het met vol magies gaan slaap.



Sondagoggend het Zeldri lekker ontbytrolletjies gemaak. Dit was werklik heerlijk. Ds Rudi het die oggend diens behartig en vir ons van Moses en ons elkeen se roeping in die lewe vertel. Na kerk het oom Tjaart plaatjies oorhandig. Kenneth & Lizelle Bothma kry hul 100% bywoning van die AJV en Richard & Poppie Heyman kry vir 320 streekkampe. Toe het ons weer koek geëet. Dit was 'n heerlike warm dag en ons het behoorlik soos dassies in die son gesit en bak. Stadig het ons begin om op te pak, terwyl sommige nog lekker gebraai het. Baie dankie aan almal vir 'n heerlike kamp. Ons is regtig 'n lekker klomp en met sulke goeie gesindhede kan ons nie anders as om 'n sukses te maak van die take wat ons aanpak nie.

Veilig sleep tot volgende keer, Ischke Lambrechts